

Jy Is Hier!

Die afgelope tyd journey ek saam met die Here oor gedeeltes van die Ou Testament – meer spesifiek oor die tydperk wat die Israeliete in die Woestyn deurgebring het. Die ding met die is, dat almal van ons op een of ander manier, iewers in ons lewens ook deur n Woestyn tydperk gaan. So, hier bevind ons nou onself nou vanaand in die boek van Eksodus. God

se volk is verlos uit slawerny in Egipte. Hulle staan nou reg op die rand van die Rooi See met hierdie massiewe watermassa voor hulle, met die Egiptenare, wat hulle vir jare as slawe aangehou het, wat nou dreig om hulle in te haal. Farao en sy leër het nou agter die Egiptenare aan gekom om hulle te probeer terugbring. En die mense is bekommerd, angstig en bang. “Wat maak ons? Waarheen gaan ons as ons vasgevang is met ‘n see voor ons en al hierdie leër agter ons?” Is dit nie hoe jy somtyds voel nie. Daar is soveel dinge wat jy op jou skinkbord dra, soveel goed wat jy ervaar en deurgaans in jou lewe, dat dit soos hierdie rooi see voor jou lê en jy weet nie hoe jy deur hierdie ‘see’ gaan kom of stap nie. Jy voel bang, angstig, benoud en vol vrees. Terug by Eksodus, God het so pas Sy volk wonderbaarlik bevry deur ‘n magtige demonstrasie van Sy krag Maar hulle staar nou hul vyande in die gesig wat hulle omring. Aan elke kant is toring van rotse en woestyn terwyl op hul rug die Rooi See is. Hulle is letterlik omring en hulle het min tyd om die oplossing vir hul ontsnapping te vind.

Eksodus 14:13-14

“Moenie bang wees nie. Staan net daar waar julle is en kyk hoe die Here julle vandag red. Hierdie Egiptenaars wat julle vandag hier voor julle sien, sal nooit ooit weer gesien word nie. 14Wag en kyk! Die Here sal in julle plek veg.” Hier sien ons iets merkwaardig, iets so wonderlik van die karakter van God. God se strategie was nie wat n logiese militêre leier sou voorstel nie

Hy sê:

- MOENIE BANG WEES NIE – (Hou die wit vlag in jou sak)
- STAAN Ferm – (Moenie probeer om onder jou eie krag te veg of hardloop en weggroep nie)
- Wag en kyk - die redding van jou Here is by jou (Staan reg waar my “Jy is hier” pyl jou geplaas het)

Jy is hier (vir ‘n rede):

In die verhaal van die Rooi See het die Israeliete die wolk- en vuurkolom so versigtig as moontlik gevolg, opgewonde oor hul nuwe vryheid, vol opgewondenheid oor die toekoms. Maar terwyl hulle Hom gevolg het, het God hulle doelbewus in n strategiese nagmerrie gelei tussen vyandige heuwels, na die rand van ‘n see te diep en te wyd om oor te steek. Soos ons vandag ons teks lees, is daar geen twyfel nie, hulle het reg op die “Jy is hier” -pyl gestaan waarheen God self hulle gelei het. Hy het vir hulle spesifieke, stap-vir-stap instruksies gegee, wat hulle op ‘n roete na oënskynlike ondergang gelei het: Ja, net daar op daardie onmoontlike plek.

Die Here doen af en toe dieselfde met ons – ons geloof word getoets, ons gaan deur swaarkry, Hy leer ons wysheid, wys ons Sy weë. Hy het belowe om jou nooit te verlaat of in die steek te laat nie, nooit te

vergeet nie, nooit te laat vaar nie. Sy liefde hou nooit op nie, en Sy sorg en omgee vir jou, hou nooit op nie. So wanneer jy jousef in daardie moeilike plek bevind, onthou: jy is daar volgens God se tyd, in Sy bewaring, onder Sy opleiding en vir Sy REGTE tyd. En ten spyte van alles wat jou oë en emosies vir jou sê, is daar geen beter plek om te wees nie! Mag God jou rigting bepaal waarok al jy nou in jou lewe heen oppad is en mag jy volkome op Hom vertrou, soos die Israëliete op Hom vertrou het om hulle volkome vry te maak van slawerny.

Besprekings vrae:

1. Het jy jousef al in n vreemde plek bevind, waar jy op die “jy is hier” pyltjie gestaan het en so oorweldig gevoel het omdat die destinasie, die plek waar jy wil uitkom, se pad te veel ‘twists & turns’ aangedui het? (Dit kan in jou persoonlike of werkslewe wees)

2. Bespreek die stelling en sê of jy daarmee saamstem of nie en hoekom of hoekom nie: Christene behoort nie verbaas te wees wanneer ons, in die poging om God se wil te doen, ons vasgevang word in pynlike, angswekkende, moeilike of onmoontlike situasies nie. 3. Vra vir iemand in die groep om Eksodus 14:13-14 te lees? Wat beteken hierdie belofte vandag vir jou? Wanneer God die volgende sê: - MOENIE BANG WEES NIE -STAAN FERM -WAG EN KYK

4. Watter van God se beloftes in die Woord. Gebruik jy as jou ‘skriftelike GPS’ wanneer jy jousef in die Woestyn bevind, omring deur die vyand met n rooi see voor jou? En hoe kan jy ander daarmee bemoedig?